14 Apr.

Uitgawe 2010/04/14

Global Prayer Alert

'n Weeklikse gebedsgids vir gemeentes, gebedsgroepe en 24-uur gebedswagte.
Vir meer inligting rondom gebed, besoek die webruimtes: www.jwipn.com of www.global24-7.org

Herlewing

Maar as dit verkeerd is in julle oë om die HERE te dien, kies dan vir julle vandag wie julle wil dien: òf die gode wat julle vaders daar oorkant die Eufraat gedien het, òf die gode van die Amoriete in wie se land julle woon; maar ek en my huis, ons sal die HERE dien (**Jos.24:15**). Dit is ons plig as gelowiges om standpunt in te neem tussen mense en om dit bekend te maak deur ons lewensstyle vir wie ons sal dien. Ouers moet die weg aan hul kinders wys deur liefde en dissipline in watter weg hulle moet wandel. In ons generasie moet ons standpunt inneem sodat die generasies wat volg sal weet wie God is. Kies vandag aan wie jy toegewy sal wees. ***Almagtige God, U was ons goedgesind. U het wonderwerke aan ons bewys. Laat dit nie die gesindheid in ons harte wees om U te verlaat en ander gode te aanbid nie.***

Deurbraak : Voormalige Moslems vind geloof in Christus

Vrede en sekuriteit was nog altyd ’n probleem in die oorwegend Moslem eiland van Mindanao in die suide van die Filippyne. Rebelse groepe laat geld hul regte deur gewelddadige dade. Deesdae draai voormalige Moslem rebelle weg van geweld soos hul Jesus ontdek en ervaar Sy vrede en wonderwerke. Gewoonlik sal Moslems in moskees bymekaar kom om te aanbid. In ’n Christen kerk in Suid-Filippyne, kom Moslems en Christene saam om te aanbid. ’n Moslem stamgroep aanbid met hul inheemse instrumente, leiers van verskeie Moslem rebel groepe bid saam en luister na die Woord van God, en ’n Moslem dame deel haar getuienis hoe God haar van blindheid genees het. In ’n plek waar rebelsheid, ontvoerings en geweld geheers het, is die Christelike kerke aggressief om eenheid onder Moslems en intergodsdienstige groepe te stig om vrede in die land te bring. (Webruimte: http://www.cbn.com/cbnnews/world/2010/April/Former-Muslims-Find-Newfound-Faith-in-Christ/?cpid=EU_CWN_2010_99, 10/04/10). ***Prys God vir die deurbraak in die land. Bid dat meer mense hierdie vergaderings sal bywoon en dat Christus Homself aan hulle sal openbaar. Bid dat alle nuwe gelowiges geestelik sal groei en dat hulle toegang sal hê tot die geskrewe Woord van God. Vra die Here om elke gelowige met die Gees van God te doop en dat hulle getuienisse sal wees vir Hom regoor die wêreld.***

Bid vir jou gemeenskap : Huwelike

Die huwelik en families is die samelewing se sterkste en duursaamste instansies. Vir duisende jare van die menslike geskiedenis is die huwelik die hoeksteen van die elke samelewing. Wanneer die huwelik en die familie afgeskeep word, is die gevolge katastrofies vir die samelewing. Bykans elke sosiale euwel se oorsprong is weens ’n gebroke huwelik of familie. Jou gemeenskap is so sterk soos die familie. Dit is onmoontlik om te bou aan ’n sterk, bestaanbare en gesonde samelewing wanneer huwelike en families besig is om te disintegreer. (E-pos: enaidoo@familypolicyinstitute.com, 12/04/10). ***Bid vir getroude paartjies in jou gemeenskap. Indien jy getroud is, bid vir jou maat. Bid die Woord van God oor jou huwelik asook ander paartjies in jou gemeenskap volgens Ef. 5:22-33. Vra God se seën op die werk van bedieninge wat gefokus is op families en huwelike, bv. Focus on the Family.***

Suid-Afrika : MMC 2010 “The Completion”

Die finale *Mighty Men* Konferensie sal plaasvind op Shalom plaas in KwaZulu-Natal van 16-18 April 2010. By die byeemkoms sal hulle gefokus vir Suid-Afrika bid asook ander gebedsversoeke. Hulle nooi gelowiges in Suid-Afrika uit om saam met hulle te bid van 19:00-21:00 op 16 April. (Webruimte: http://www.mmc2010.com/, 12/04/10). ***Bid vir die beskerming van elkeen wat na die plaas sal ry om die konferensie by te woon. Bid vir beskerming teen ongelukke, siektes, ens. Vra die Here om die verrigtinge te seën en dat elke man God op ’n wonderlike manier sal ervaar.***

Internasionaal : Bid vir Turkye – 18 April 2010

Protestante kerke (in Turkye) vra alle gelowiges om saam met die klein gemeentes van Turkye vir 2-3 minute in hul gemeentes vir die land van Turkye op Sondag, 18 April 2010 te bid. Bid dat die kerk in Turkye deur die Heilige Gees bekragtig sal wees om tot eer van God te leef. Bid dat as gevolg van hierdie gebedstyd daar hoop en seën vir die land en die mense van Turkye sal wees soos harte en oë oopgemaak word om Jesus Christus en die Koninkryk van God te sien. In hierdie kort tydjie van gebed sal u met miljoene ander gelowiges vir Turkye bid. (Webruimte: http://www.prayforturkey.com/, 01/04/10). ***Bid dat God Sy woorde op die gelowiges se lippe sal plaas terwyl daar vir Turkye gebid word. Vra die Heilige Gees om met gelowiges te praat en dat profetiese Woord oor Turkye gespreek sal word. Bid dat die poorte hul hoofde sal lig en die Koning die land sal binnegaan*** (**Ps.24:7-10**).

Hierdie gebedskalender is 'n inisiatief van Jerigo Mure Gebedsnetwerk en word moontlik gemaak deur u getroue ondersteuning. Kontak: watch@jwipn.com